Argief.


BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

| 10c | Dinsdag 21 April 1970 | WINDHOEK | Tuesday 21 April 1970 | No. 3068 |
|---|---|---|---|---|


**INHOUD** **CONTENTS** *Bladsy/Page*


**ONTWERPORDONNANSIE:**

Wysigingsontwerpordonnansie op Finansies en Ouditering 1970 . . . . . . . . .

**DRAFT ORDINANCE:**

Finance and Audit Amendment Draft Ordinance, 1970 . . . . . . . . . . 427


---

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

The following Draft Ordinance is published for general information.

J. J. KLOPPER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

---

# ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Finansie en Ouditeer Ordonnansie 1926 (Ordonnansie 1 van 1926) om die Administrateur te magtig om regulasies uit te vaardig in verband met die Tenderraad van Suidwes-Afrika; en om vir aanverwante sake voorsiening te maak.

---

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Invoeging van artikel 26A in Ordonnansie I van 1926

1. Die Finansie en Ouditeer Ordonnansie 1926 (Ordonnansie 1 van 1926) word hierby gewysig deur die invoeging na artikel 26 van die volgende artikel:—

„Regulasies in verband met die Tenderraad van Suidwes-Afrika.

26. A. (1) Die Administrateur kan regulasies uitvaardig wat voorsiening maak vir die instelling, samestelling, werksaamhede, bevoegdhede en pligte van 'n raad (wat die Tenderraad van Suidwes-Afrika genoem moet word) belas met die verkryging van leweransies en dienste vir en ten behoewe van die Administrasie en die vervreemding van voorrade van die Administrasie, wat die prosedure reël wat bedoelde raad by die uitvoering van sy pligte moet nakom, wat bepaal dat leweransies en dienste vir of ten behoewe van die Administrasie nie verkry en voorrade van die Administrasie nie vervreem word nie dan alleen deur bemiddeling van bedoelde raad of op so 'n ander wyse wat in sodanige regulasies voorgeskryf of daarvolgens bepaal word, en, in die algemeen, wat vir bykomstige aangeleenthede voorsiening maak.

(2) Ondanks andersluidende wetsbepalings kan regulasies ingevolge subartikel (1) uitgevaardig, benewens enige ander regsmiddel voorgeskryf, voorsiening maak vir die oplê deur bedoelde raad van 'n geldboete, bereken op die grondslag of grondslae wat daarin voorgeskryf word, op enige persoon aan wie bedoelde raad 'n kontrak toegeken het, op grond van inligting deur sodanige persoon verstrek ten opsigte waarvan daar na die toekenning bewys word dat dit onjuiste inligting was, en die wyse voorskryf waarop so 'n geldboete verhaal kan word.

(3) Behoudens die bepalings van die regulasies uitgevaardig ingevolge hierdie artikel kan die Tenderraad van Suidwes-Afrika ook leweransies en dienste verkry ten behoewe van en kan hy ook voorrade vervreem van takke van Staatsdepartemente van die Republiek van Suid-Afrika wat in die Gebied diens doen, behalwe die departemente van Verdediging en Polisie en van die Spoorweg-administrasie."

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Finansies en Ouditering 1970.

---

# DRAFT ORDINANCE

To amend the Finance and Audit Ordinance, 1926 (Ordinance 1 of 1926) to empower the Administrator to make regulations in connection with the South West Africa Tender Board; and to provide for matters incidental thereto.

---

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Insertion of section 26A in Ordinance I of 1926.

1. The Finance and Audit Ordinance, 1926 (Ordinance 1 of 1926) is hereby amended by the insertion after section 26 of the following section:—

"Regulations in connection with the South West Africa Tender Board.

26 A. (1) The Administrator may make regulations providing for the establishment, constitution, functions, powers and duties of a board (to be known as the South West Africa Tender Board) charged with the procurement of supplies and services for and on behalf of the Administration and the disposal of stores of the Administration, governing the procedure to be observed by such board in the exercise of its duties, providing that supplies and services shall not be procured for or on behalf of the Administration and stores of the Administration shall not be disposed of except through such board or in such other manner as may be prescribed in or determined in accordance with such regulations, and generally providing for incidental matters.

(2) Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, any regulation made in terms of subsection (1) may, in addition to any other remedy prescribed therein, provide for the imposition by such board of a monetary penalty, calculated on such basis or bases as may be prescribed therein, on any person to whom such board has awarded a contract on the strength of information furnished by such person which subsequent to the award, is shown to have been incorrect information, and may prescribe the manner in which any such penalty may be recovered.

(3) Subject to the provisions of the regulations made in terms of this section the South West Africa Tender Board may procure supplies and services for and on behalf of and may also dispose of stores of branches of State Departments of the Republic of South Africa serving in the Territory, save the Departements of Defence and Police and of the Railways Administration."

Short title.

2. This ordinance shall be called the Finance and Audit Amendment Ordinance, 1970.

---